

## 22. Die kerk brei uit; Paulus se bekering

### Handelinge 8 en Handelinge 9

#### Die uitbreiding van die kerk na nie-Jode

Die blye boodskap is vir alle mense bedoel. Christus het nie net vir die Jode aan die kruis gesterf nie, maar vir mense uit alle volke. Hierdie hoofstuk fokus op:

- God bly getrou aan sy gemeente.
- Die werk van die Heilige Gees en die Woord kan nooit geskei word nie.
- God se lig laat mens nie onaangeraak nie.

#### Vervolging van die gemeente

Die marteldood van Stefanus bring 'n einde aan die periode van vestiging en groei van die Christelike gemeente in Jerusalem. Tot nou toe is die evangelie aan Jode en Joodse Grieke (Helleniste) verkondig. Die kerk is gevestig en die tyd breek aan dat die Verlosser wat deur die Jode verwerp is, aan die heidene verkondig word.

Stefanus se dood is die begin van die vervolging van die gemeente. 'n Sekere Saulus, later bekend as Paulus, speel daarin 'n leidende rol. Hy dring huise van Christene binne en sleep mans en vroue voor die Joodse Raad om gestraf te word.

Deur hierdie vervolging het Christene uit die stad gevlug en het elders gaan woon, soos in Judea en Samaria. Ook daar verkondig hulle die blye boodskap van Jesus Christus. Hierdie boodskap moes ook buitekant die grense van Jerusalem versprei word. Die Here beskik dit so dat sy koninkryk uitgebrei word en dat die vervolging ook lei tot loutering en beproewing van die gemeente. Een van die vlugtelingen is die diaken, Filippus, wat ook as evangelis opgetree het.

## **Die prediking in Samaria**

Filippus wyk uit na die land van die Samaritane. 'n Paar honderd jaar vroeër het konings van Assirië die tien stamme van Israel as gevangenes weggevoer en koloniste na die ontvolkte gebied gestuur waar hulle hul heidense afgodediens beoefen en vermeng het met die Jode wat agter gebly het. So het die Joodse godsdiens met 'n heidense godsdiens vervleg geraak om 'n nuwe afgodsdienst te vorm.

Hierdie Samaritane aanvaar die Pentateug (die vyf boeke van Moses) maar bly heidene. Jesus het slegs twee dae tussen die Samaritane verhoef en hulle was gretig om die blye boodskap aan te hoor<sup>164</sup>. Nou gaan verkondig Filippus die evangelie aan hulle. Die kerk van Jerusalem het sendingkerk geword. Baie tekens is deur Filippus gedoen en hulle luister aandagtig na hom. Daar heers groot blydschap in die stad van die Samaritane.

## **Die apostels besoek Samaria**

Die berig dat die Samaritane die woord van God aanneem, bereik Jerusalem. Petrus en Johannes word gestuur om te gaan hand bysit en dalk ook om die band met die moedergemeente in Jerusalem te lê. Hulle bid dat die Samaritane die Heilige Gees mag ontvang aangesien hulle net gedoop is in die Naam van Jesus en die Heilige Gees nog op niemand uitgestort is nie.

Dit is nie 'n gebed dat die Gees opnuut uitgestort moet word, nou op hierdie besondere gemeente van Samaritane nie, maar dat die Gees kragtig in hulle werksaam mag word. Ná die gebed lê die apostels vir almal die hande op en ontvang hulle die Heilige Gees. Die werking van die Gees word onmiddelik sigbaar in die lewe van die gelowiges.

## **Simon, die towenaar**

Toe Simon, 'n Samaritaanse towenaar, hierdie gawes van die Heilige Gees sien, bied hy die apostels geld aan om dieselfde gawes te verkry, vermoedelik met die oog op wins. Hy meen dat hy deur die gawes van die Heilige Gees op 'n ander manier geld kan verdien as deur towery. Petrus vermaan hom ernstig en bestraf hom. Hy wys daarop dat die gawe van God nie deur geld verkry kan word nie. En hy beskuldig Simon dat sy hart nie reg voor God is nie.

---

164 Joh. 4: 40 Toe die Samaritane dan by Hom kom, het hulle by Hom aangedring om by hulle te bly; en Hy het daar twee dae gebly.

Hierop vra Simon die apostels om vir hom te bid, sodat die vreeslike dinge wat Petrus gesê het, hom nie mag tref nie. Hy begryp dat die apostels voorbedding kan doen, maar hy begryp nie dat hy self sy sonde moet bely en om vergifnis moet smee nie.

Wat die uiteinde van Simon was, word nie vertel nie. Hy bly vir ons 'n voorbeeld van die mag wat towery oor die hart van 'n mens kan verky.

Petrus en Johannes keer terug na Jerusalem met die wete dat die verkondiging van die evangelie aan persone wat nie Jode was nie, die goedkeuring van die Drie-enige God wegdra. God se belofte aan Abram dat in hom alle volke geseën sal word, gaan in vervulling <sup>165</sup>. Die blye boodskap is nie net 'n gawe vir die Jode nie, maar ook vir die heidene.

## **Opdrag aan Filippus**

Die evangelis Filippus, 'n Griekse Jood, kry van 'n engel van die Here die opdrag om van Jerusalem suidwaarts na Gasa te gaan. Dit is 'n betreklik stil en 'n gevaarlike pad, want hy kan vervolgers van die Christene of Romeinse soldate teëkom. Tog voer hy gehoorsaam die opdrag uit.

Daar is slegs een ander reisiger op hierdie pad: 'n hofdienaar en die minister van finansies van Kandace, die koningin van Ethiopië, 'n belangrike man.

Die Ethiopiërs is afstammeling van die Hammitiese en Semitiese volke en afkomstig uit Klein - Asië wat ook Palestina insluit, wat Ethiopië binnegeval en die ou Semitiese godsdiens met hulle saamgeneem het, naamlik die geloof in een God, Jehova. Hulle het dus kennis gedra van die ou Joodse godsdiens. Die hofdienaar was in Jerusalem om daar te gaan aanbid. Daar is aan hom 'n rol van die profesieë van Jesaja geskenk, en terwyl hy nou van Jerusalem na Gasa reis, op pad terug na Ethiopië, lees hy dit.

## **Die hofdienaar kom tot geloof**

Toe Filippus die wa sien, sê die Gees aan hom wat hy moet doen. Hy moet die wa inhaal. Toe hy dit doen, hoor hy hoe die man hardop uit die boek

---

165 Gen. 26: 4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word;

van Jesaja lees. Filippus vra: “Verstaan jy wel wat jy lees?” Daarop kom die antwoord: “Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?” Hy nooi Filippus om op te klim en by hom te kom sit sodat hulle oor die woorde van die profeet kan praat.

Op die hofdienaar se versoek verduidelik Filippus die betrokke Skrifgedeelte. Die gedeelte het betrekking op Jesus en Filippus verduidelik in detail alles oor Jesus wat gekom het en gekruisig is. Die gevolg is dat die hofdienaar sy geloof in Jesus bely. Toe hulle by water verbygaan, doop Filippus hom. Daarna voer die Gees van die Here Filippus skielik weg. Die hofdienaar reis met blydschap verder. Daar het vir hom 'n lig opgegaan en wat eers vir hom duister was, verstaan hy nou.

## **Saulus se jeug**

Saulus is van Joodse afkoms, hoewel hy in die Romeinse provinsie Cilicië, in Klein - Asië gebore is<sup>166</sup>. Hy is 'n Fariseër, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër. Sy ouers stuur hom op betreklik jeugdige leeftyd na Jerusalem om in die skool van die Joodse geleerdes as rabbi opgelei te word.

Daar word hy 'n ywerige leerling aan die voete van die groot leraar, Gamaliël. Dit is dieselfde persoon wat die Joodse Raad gewaarsku het om die apostels liever te laat staan<sup>167</sup>. Hierdie rabbi het baie kennis. Hy is tuis in die wet en die Talmoed en hy kan sonder moeite 13 600 voorskrifte, bepalings en reëls op besondere gevalle toepas. Saulus is 'n puik leerling. Hy is skerpsinnig, intelligent en het 'n helder verstand. Soos sy leermeester ken hy die wet en die Talmoed goed.

## **Saulus vervolg die gemeente**

Saulus is as vurige yweraar vir die eer van God en die Wette van Moses soos 'n bloedhond op die spoor van die volgelinge van Jesus in Jerusalem. Hy wil die Christelike gemeente uitdelg. Stil en vreedsame huise word met ruwe geweld binnegedring en mans en vroue word voor die Joodse Raad gesleep om gestraf te word.

---

166 Hand. 22: 3 Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilicië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamaliël, streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet, 'n yweraar vir God soos julle almal vandag is.

167 Hand. 5: 38 - 39 En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie - dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie.

Die Romeinse bewindhebbers wil graag die goeie gesindheid van die Jode wen en gee dus aan hulle vryheid om hul godsdienstige geskille self op te los solank hulle net nie die Romeinse regering se opperheerskappy bedreig nie.

Saulus maak hiervan gebruik en Christene word gegésel en in die gevangenis gooi. Nie almal kan die marteling verduur nie en verloën die naam van Jesus om maar net los te kom. Saulus behaal sukses. Hy verwoes die gemeente en baie van die vervolgdes vlug uit die stad. Maar oral waar hulle kom, verkondig hulle die blye boodskap, selfs tot in Damaskus.

### **Saulus op pad na Damaskus**

Saulus wil die Christene selfs in Damaskus vervolg. Hy ontvang van die Joodse Raad volmag om na Damaskus te gaan en die volgelinge van Jesus gevange te neem. Op pad daarheen verskyn 'n helder ligstraal uit die hemel. Saulus val van sy rydier af en lê in die stof. 'n Stem sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Dis nie die Christene wat jy vervolg nie, maar Christus self. "Wie is U, Here?" Saulus herken die goddelike oorsprong van die stem. "Ek is Jesus, die Nasarener, wat jy vervolg."

Alles waarin Saulus geglo het, stort in duie. Hy kan hom nie verdedig met sy valse wysheid nie. Hy stel slegs 'n weervraag: "Here, wat moet ek doen?" Hy kry bevel om op te staan. Maar hy is blind. Deur sy metgeselle word hy na die huis van Judas in Damaskus gelei. In daardie huis sit Saulus vir drie dae sonder om te eet of te drink.

### **Ananias besoek Saulus**

Ananias kry die opdrag om Saulus te gaan besoek, maar hy maak beswaar daarteen. Die naam Saulus het verskrikking in die harte van die gelowiges gebring. Wat hy alles teen die gemeente in Jerusalem gedoen het, was goed bekend, en in Damaskus het die Christene geweet dat hy kom om dié wat die Naam van Jesus aanroep, gevange te neem. Ananias sien dus nie kans om hierdie Saulus te gaan spreek nie.

Die Here stel Ananias egter gerus deur te verklaar wat sy voorneme met Saulus is. "Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om My Naam te dra voor die nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly." Hy sal Christus se besondere boodskapper na die heidene wees, maar na aan Israel. Hy sal vir die Here baie doen en hy sal baie moet ly. Ananias vind Saulus op sy knieë en lê sy

hande op hom met die woorde: “jy sal vir Hom by al die mense tot ’n getuie wees.” Die donkerheid verdwyn uit Saulus se siel, hy slaan sy oë op en kan weer sien. Daarna word hy gedoop.

## **Saulus in Damaskus**

Ná sy bekering het Saulus ’n paar dae saam met die dissipels in Damaskus gebly. Met sy kenmerkende ywer begin hy nou om Christus in die sinagoges te verkondig. Eers is die Jode hieroor verbaas, maar dit maak gou plek vir haat. Dan verlaat Saulus die stad en gaan na die woestyn van Arabië. By hom dra hy die skrifrolle van die wet, die profete en die psalms. Hy bly drie jaar lank hier en berei hom voor vir sy groot lewenstaak: “Ek stuur jou na die heidene.” Daar in die eensaamheid het God deur openbaring aan hom die volle rykdom van die evangelie van genade bekend gemaak<sup>168</sup>.

Saulus keer terug na Damaskus om sy lewenstaak te begin. Hy preek kragtig en oortuigend. Hy het slegs een boodskap: Jesus Christus is die Seun van God. Die Fariseërs beraadslag, want hierdie man moet stilgemaak word. Die poort word bewaak sodat hy nie weer kan ontsnap nie. Maar in die stilte van die nag word hy deur sy vriende oor die muur in ’n mandjie neergelaat. Hy is nou ’n vervolgte en gaan terug na Jerusalem.

## **Saulus in Jerusalem**

In die stad is hy eers alleen. Hy word deur Jode verag en gehaat en deur Christene gewantou. Maar Barnabas neem hom na sy huis waar hy hom in aanraking bring met die dissipels. Hy rig hom tot die Griekssprekende Jode, maar hulle wil hom om die lewe bring. Daarop het die broeders hom na Tarsus gestuur.

Hierna het voorlopig ’n einde gekom aan die vervolging en dit het rustig geword. Petrus het in hierdie tyd van kalmte die verskillende gemeentes orals in die land besoek om hulle op te beur, te vertroos en om orde en reëlmaat te skep.

---

168 Gal. 1: 11 - 12 Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van ’n mens ontvang of geleer nie, maar deur ’n openbaring van Jesus Christus.

**Aanbevole leesstukke:**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 414 - 433 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 432 - 443 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 716 - 727 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 643 - 656 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 99 - 102 p.